Tema: Ware (saligmakende) geloof is die geloof wat deur liefde tot dade toe oorgaan.

Vooraf sang
Lied 464: 1, 3
Sb 8-1: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 34-1: 1, 6 (mel: tweede mel)
Seën
Lofsang Sb 15-6: 1, 2 (mel: Ps 50 se eerste mel)
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: JAKOBUS 1: 22 - 27 EN 2: 14 - 26
TEKS: 2: 22
HBK VRG. EN ANTW 86 EN 91
Sing: Sb 3-5: 1, 2, 3, 4
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing Ps 40-1: 3, 4;
Seën: word bedien terwyl die gemeente Ps 20-2: 7 sing. (Mel Ps 134)

Geliefde brs. en srs. en kinders

Sommer ŉ reguit vraag so aan die begin: **verander jou geloof in God regtig jou lewenswyse?** Ek bedoel nou nie uiterlik en op die oppervlak nie – ek bedoel die moeilike dinge in jou lewe. Ek praat van sondige gedagtes en gewoontes waarmee jy dalk grootgeword het en wat so deel van jou persoonlikheid geword het, dat jy eintlik nie meer daarsonder kan lewe nie.

Word jou gedagtes werklik nuut gemaak en tree jy regtig anders op omdat jy in Jesus glo? Of is dit ŉ geval dat jy wel glo – maar eintlik leef jy maar soos jy wil, soos dit vir jou gemaklik en goed is. Dat niks of baie min verander soos God dit wil hê?

Elkeen wat hierdie brief van Jakobus lees sal agterkom dat hy 'n skrywer is wat baie reguit praat. Hy huiwer nie om sy lesers reg te help oor sekere verkeerde opvattinge en gebruike in hulle gemeentes nie. En dit, ten spyte van die feit dat sy lesers onder baie moeilike omstandighede verkeer het. Ons lees in hf. 1 van die groot beproewinge en versoekinge waarmee hulle te doen gekry het. Maar juis daarom vermaan Jakobus hulle dat hulle nie nou onder die druk moet swig nie.

So byvoorbeeld noem hy die feit dat die gemeentelede **baie vinnig was om te praat en op humeurige wyse mekaar in die hare gevlieg het**. Hy vermaan hulle omdat hulle **na die Woordverkondiging luister**, maar dan alles vergeet en nie gaan doen wat hulle gehoor het nie.

In hf. 2 praat hy reguit oor hulle v**erkeerde hantering van verskillende gemeentelede**. Die rykes en belangrikes word op die hande gedra, maar die armes en eenvoudiges word eenkant geskuif en niemand stel in hulle belang nie.

En dan kom hy in ons teksgedeelte by die oorsaak van hierdie probleem:
Die gemeente het gedink geloof bestaan net daaruit om te glo dat Jesus Christus jou Verlosser is en verder word daar niks van jou verwag nie. Solank jy in Jesus glo, is alles reg.
In vers14 reageer Jakobus op hierdie algemene wanopvatting want dit was 'n halwe waarheid. En hierdie halwe waarheid was die oorsaak van hulle probleme. Dit was die rede waarom hulle onder moeilike omstandighede gesukkel het om staande te bly.

Want saam met geloof, kom ook geloofsdade. Die ware saligmakende geloof is die geloof wat deur liefde tot dade toe oorgaan.

Geliefdes, die geloofsdade waaroor Jakobus hier praat is die geloofsdade wat volg op die feit dat ons deur Jesus Christus verlos is. Dit is dade wat gebore word uit dankbaarheid omdat ons verlos is en nie dade sodat ons verlos kan word nie. Dit is die waarheid wat vraag 86 van die Kategismus ook maak en dit is dus nie die sg "werkegeloof" waarvan Paulus in Rom 3 en 4 praat nie.

Die ware geloof waarvan Paulus praat is alleen ware geloof as dit deur geloofsdade bevestig word. Paulus beklemtoon dat ons alleen gered kan word deur die gawe van geloof, maar geloof is ook 100% die verantwoordelikheid van die mens – ons geloof moet in geloofsdade gesien kan word. En hierop wil Jakobus ons aandag vestig.

Jakobus se lesers het dit juis mis gehad. Hulle het gedink: geloof alleen is goed en Jakobus wil dit nou regstel. En kyk net op watter reguit wyse doen hy dit.

Sou ons daarvan gehou het dominee Jakobus vir ons kom sê:
Jou geloof is dood? Dit beteken niks. Jou geloof is niks beter as die geloof van duiwels nie!! **En dit omdat jou geloof nie deur geloofsdade bevestig word nie. 'n Mens kan dan nie aan jou lewe sien dat jy glo nie.** Jou geloof maak geen impak op jou lewe nie. Sondae luister jy na die Woord en sodra jy klaar geluister het, dan vergeet jy alles daarvan en gaan lewe maar net verder voort, soos jy gelewe het voordat jy gehoor het.

Ds Jakobus gaan verder: Ek sien hoe jy in die week lewe en jou lewe daar getuig glad nie daarvan dat jy Sondag in die kerk was nie. Ek hoor hoe jy praat en dat jy met dieselfde mond vloek as wat jy Sondag die Here geprys het. Daar is 'n gedurige bakleiery onder julle. Mense hou dinge teen mekaar en kan mekaar nie vergewe nie.

Die rykes bedink planne om al hoe meer wins te maak sonder om daaraan te dink dat die dag van more in God se hande is. Mense verneuk hulle arbeiders en betaal hulle nie wat hulle verdien nie.

Brs en srs, so reguit praat Jakobus. Luister na hf. 4: 8: "Was julle hande sondaars, reinig julle harte huigelaars!!" **Hoekom hierdie reguit taal? Omdat hulle geloof nie hulle lewe verander het nie!! Die gelowiges het in geloofpassiwiteit verval. Solank ons maar net glo, is alles reg, ons lewens hoef nie te verander nie.**

Geloof, br. en sr. , moet jou lewe sigbaar verander. Die Here Jesus het self in Matt. 7: 21 gesê dat net die wat die wil van die Vader doen, sal in die Koninkryk ingaan. **En hierdie verandering kan alleen sigbaar word wanneer**

‘n mens die dinge van die geloof beoefen. As jy doen wat God van jou vra. Dan word jou lewe anders, dan word dit gevorm deur geloof.

Dink aan die beeld van ‘n ystersmid wat ‘n stuk yster wil vorm. Hy vat die yster met sy tang, sit dit in die kole en trap die blaasbalk totdat die kole en die yster witwarm is, dan sit hy dit op die aambeeld en slaan dit met sy hamer todat dit lyk soos hy dit wil hê. **Die yster, brs. en srs. is ons lewe, die blaasbalkvuur is die liefde en genade van God en die hamer is geloof as gawe van God waarmee ons lewe gevorm word.**

Wanneer ‘n mens jou geloof neem en jou lewe daarmee vorm sodat dit lyk soos God jou wil hê, dan het jy ware geloof. Want dan word jou geloof volkome deur jou werke. Jou lewe moet verander.
Jakobus gebruik die voorbeeld van die duiwels. Die duiwels het geglo dat God God is, maar nie gedoen wat God gesê het nie. Hulle lewe het nie verander nie. So ‘n geloof beteken tog niks. Daardie duiwels gaan verlore. Hulle geloof is dood.

Maar, sê Jakobus, kyk na Abraham en Ragab, presies die teenoor-gestelde: Twee voorbeelde van mense wat gedoen het wat God hulle beveel het en hulle is gered. Hulle geloof was ware geloof omdat hulle nie alleen geglo het nie, maar ook gedoen het wat hulle moes.

Brs. en srs. is dit nie ook ons probleem vandag nie? Dat gelowiges vasgevang is in en ‘n stadige geestelike dood sterf omdat hulle geloof formalisties is. Hulle ken die Bybel, woon gereeld eredienste by, bely dat hulle in Jesus glo, **maar ‘n mens sien nie in hulle dade dat hulle geloof hulle lewens verander en vernuwe nie?**
Is dit nie die rede vir die baie worsteling in ons eie hart omdat ons nie doen wat ons moet doen nie en ons weet dit! Ons word so verlam deur ons eie ongehoorsaamheid en ons word vasgevang met skuldgevoel daaroor sodat ons nie kom te doen wat God sê ons moet doen nie.

Is dit nie ook die rede waarom ons nie geloofsekerheid het soos die kategismus dit stel nie. Ek twyfel oor my geloof want ek doen nie wat ek moet doen nie – dan twyfel ek of my geloof eg is.

Net soos die gemeentes aan wie Jakobus skryf geworstel het met baie interne probleme is dit ook dikwels in ons lewe en ons gemeentes se lewe die geval: die liefde ontbreek en waar geen liefde is nie, is geen dade nie.

Hierdie halwe geloof - of om dit dan so skerp soos Jakobus te stel - hierdie dooie geloof is ook die rede waarom ons kerk nie kan groei nie. Omdat ons

lewens nie getuig van die liefde van God nie, daarom kan ons ook nie ‘n trekkrag in die wêreld wees nie. Sondag 32 sê duidelik dat dit die doel van ons geloof is!

Brs. en srs. dit is harde woorde en harde waarheid. Hoe moet ons nou hierop reageer? Kom ons doen wat Jakobus sê ons moet doen. Kom ons neem die geloof wat ons van God ontvang het en vorm ons lewe.

Want onthou: **met die geloof as gawe wat ons ontvang het is daar geen fout nie.** Hierdie geloof is deur die Vader aan jou gegee as ‘n geskenk. Jesus **Christus het dit met sy lewe hier op aarde en sy sterwe aan die kruis vir jou verwerf. Hy het juis hier op aarde kom leef sodat Hy ons kon leer hoe hierdie geloof in dade oorgaan deur die manier waarop Hy geleef het.**
Hy vir ons kom wys hoe moet ons geloof in dade oorgaan. Dat ons nie maar net kan sê: Here, Here – maar ons doen nie wat Hy ons beveel nie!

En hierdie gawe van geloof is nie maar net aan ons gegee en nou moet onsself alleen daarmee werk nie – Nee, dit is gegee saam met God, die Heilige Gees! Die Heilige Gees is deel van jou, Hy leef in jou en Hy gee jou die krag juis om jou geloof in God en jou redding in geloofsdade te laat oorgaan. Dit is die Gees se werk. Hy gee krag, Hy leer ons hoe om dit te doen en Hy gee die gawes om dit te doen.

Wat ons ontvang het is dus volmaak en ons kom niks kort nie. Al wat ons nou moet doen is om hierdie hamer van die geloof te neem en ons lewe daarmee te vorm. En daar waar die verandering sigbaar word, daar sien ‘n mens geloofsdade. Dade van geloof is daardie dinge wat jy doen om jou lewe na God se wil te vorm.

Hoe doen ons dit? Luister wat sê Jakobus vir sy gemeentes. Dwarsdeur sy brief klink die refreine van sy raad. Niks geheimenisvol of onbereikbaar nie, maar eenvoudig dit:

1. Bid : bid om die krag en die volharding om jou lewe met geloofsdade te vul. Sonder gebed sal jou hande kragteloos bly. Gebed is die kragbron wat die hand lig om die hamer te slaan.

2. Luister na die Woord met die begeerte en voorneme om dit te gaan doen! In die Woord word die gietyster gegee waarin jou lewe gegiet moet word. Luister en gaan doen dit.

3. Bedien jou medemens met liefde: Jak. 1: 27: ware en egte godsdiens voor God is om weduwees en wese in hulle nood by te staan. Moenie mense

volgens hulle persoon beoordeel nie, maar behandel almal dieselfde: met liefde.

4. Hou jou lewe rein! Bewaar jou tong. Moenie die wêreld liefhê nie. Dis juis daar waar jou lewe anders moet wees, tussen die versoekinge van die wêreld, moet jou geloofsdade jou lewe verander.

5. Lewe in afhanklikheid van God en moenie dat geld of rykdom jou laat struikel nie. Moenie hoogmoedig wees nie, maar leef nederig voor God.

6. Lewe met hemelse wysheid wat in alle verhoudinge die regte dinge laat gebeur. (Lees hf. 3; 13 en verder)

7. Wees geduldig en wag op God.

Brs. en srs. as ons dit doen, dan sal ons geloof ons lewens verander. Dan sal ons geloof nie ‘n dooie geloof wees nie, maar die lewende ware geloof wat God aan sy kinders gegee het en wat **ons lewens vorm soos God dit wil hê.**

Onthou die metafoor: God het aan my en jou die hamer van die geloof gegee: ek en jy is die smid wat die yster moet vorm met die geloofshamer. Sit daardie yster in die vuur van God se liefde en genade in Christus sodat sy liefde u lewe kan verhit en slaan u lewe met die hamer van die geloof sodat u lewe kan lyk soos God dit wil hê. Dit is ons verantwoordelikheid met al die gawes wat God ons gegee het.

Ek kan nie die Here blameer vir die verkeerde gedagtes, woorde of dade wat ek in my lewe doen nie. Dit is my verantwoordelikheid om dit reg te maak want Christus het ons nuut gemaak!!! Hy het vir ons die gawe van geloof gegee met die krag van die Gees: Vat die hamer en slaan die yster dat die vonke spat.

Dan word ons geloof volkome gemaak met ons geloosdade. Dan is dit lewende, ware geloof en nie dooie geloof nie.

Amen.